# ONS BEHOORT AAN DIE HERE: ONS VREES NIE DIE HERE NIE

## 1. Daar is niks waarvoor ons God vrees nie

Kom ons luister na wat die Here vir ons leer oor vrees in 1 Johannes 4*: [17] Hiérin het die liefde sy doel volkome met ons bereik: ons het niks te vrees vir die oordeelsdag nie, want in hierdie wêreld lewe ons reeds deur die liefde net soos Jesus.*

Wat is vrees?

Dit is om bang te wees!

Het julle geweet daar is verskillende maniere om bang te wees? Kom ons kyk ’n bietjie op hoeveel verskillende maniere kan ’n mens alles bang wees!

**Ons kan bang wees vir seerkry**. Om jou vel stukkend te val en te bloei, om met ’n naald gesteek te word by ’n dokter of ’n tandarts, om jou te brand met ’n warm vuur of ketel of stoof. Daar is verskriklik baie maniere waarop ons kan seerkry. Dit is alles dinge wat ons bang maak.

**Ons kan bang wees om alleen wees.** Ons kan bang wees om alleen by die huis te wees as Pa en Ma weggaan. Ons kan bang wees om alleen in ’n kamer te slaap. Ons kan bang wees om sonder maats by die skool te wees. Ons kan bang wees om alleen in die donker te wees. Daar is baie redes hoekom ons soms bang is om alleen te wees.

Die **vrees** waarvan ons teksvers praat, is ’n baie spesiale manier van bang wees wat baie anders is as om bang te wees om seer te kry of alleen te wees.

## 2. Die vrees waarvan ons teksvers praat, is om bang te wees vir oordeel

Die vrees waarvan ons teksvers praat, is om bang te wees vir oordeel. Kyk weer na wat die Here ons leer in vers 17: [17] *Hiérin het die liefde sy doel volkome met ons bereik: ons het niks te vrees vir die oordeelsdag nie, want in hierdie wêreld lewe ons reeds deur die liefde net soos Jesus.*

Wat is ’n oordeelsdag? Dit is die dag wanneer God iemand oordeel.

## 3. Oordeel is om iemand ’n naam te gee wat pas by die slegte dinge wat hy doen

Om mense name te gee wat pas by die verkeerde dinge wat hulle doen, is om te oordeel. Kom ons kyk hoe werk oordeel.

**Mense wat jok, noem ons liegbekke**.

Wanneer jy na jou maat luister en hy of sy vertel vir jou wat hulle alles die naweek gedoen het, of waar hulle orals die vakansie was, en jy kom later agter alles wat hulle gesê het, is nie die waarheid nie, dit het nooit gebeur soos hulle dit vertel het nie – wat noem ’n mens so ’n maat? Of as jy agterkom hulle vertel vir ander kinders dinge oor jou wat glad nie waar is nie, maar hulle maak asof dit waar is want julle is maats, wat noem jy hulle? Ons noem hulle liegbekke. Iemand wat nie die waarheid vertel nie, is ’n liegbek.

**Mense wat vloek, noem ons vuilbekke**.

Is dit net grootmense wat vloek, of vloek kinders ook? Vloek is wanneer kinders jou slegsê, of vuiltaal gebruik as hulle met jou praat. Hulle gebruik al die woorde waarmee ons vuil dinge name gee. Hierdie vuilname gebruik hulle as name vir mense. Wat noem ’n mens iemand wat vuilpraat? Ons noem hom ’n vuilbek!

**Mense wat altyd lui is, noem ons sleg.**

Wanneer is iemand lui? Iemand wat lui is, is iemand wat nie lus is om te doen wat hy moet doen nie. Iemand wat nie lus is om sy huiswerk te doen nie, is lui. Iemand wat nie lus is om te bad nie, is lui. Iemand wat nie lus is om sy klere op te tel wat op die vloer rondlê nie, is lui. Mense wat lui is, word luiaards genoem. Mense wat altyd lui is, word slegte mense genoem.

**Kinders wat nie luister nie, word stout genoem**.

Wat noem jou pa en ma jou as jy nie luister na wat hulle vir jou sê om te doen nie? Hulle sê jy is stout. As jy aanhou om nie te luister nie, dan sê hulle jy is ’n stoute kind.

**Mense wat groot en gelukkig voel wanneer hulle ander seermaak, noem ons boelies**

Party kinders voel net hulle is belangrik en groot as hulle ander kinders seermaak. Party kinders voel ongelukkig, maar as hulle ander kinders seermaak, voel hulle gelukkig. Wat noem ons hierdie kinders? Ons noem hulle boelies!

**Mense wat stories aandra, noem ons klikbekke.**

Baiekeer wil ons met ons maats praat oor die juffrou of meneer of oor ander maats omdat hulle vir ons snaaks, verkeerd of onverstaanbaar is. Ons wil graag hoor of ander mense ook dink dat hulle snaaks, verkeerd of onverstaanbaar is. Maar dan gaan hierdie maats en sê vir die meneer of juffrou oor wie jy wou praat, dat jy sê hulle is snaaks en verkeerd. Wat noem ons kinders wat oorvertel as jy net wou hoor hoe hulle voel oor juffrou of meneer? Ons noem hulle klikbekke!

**Mense wat ons goed vat, noem ons skelms**.

Het dit ook al met jou gebeur dat iemand in jou klas jou pen, uitveër, liniaal, selfoon of iets van jou vat en dan maak asof dit syne is, terwyl jy weet dit is joune? Wat noem ons sulke kinders? Ons noem hulle skelms!

**Mense wat ander slegsê agter hulle rug is skinderbekke**.

Het dit al met jou gebeur dat kinders wat jy dink is jou maats, jou sonder dat jy weet op whatsapp by ander kinders slegsê en sleg van jou praat, terwyl hulle maak asof alles goed en reg is en hulle jou maats is? Dit is kinders wat kwaad van jou praat terwyl hulle met jou mooi praat! Wat noem ons sulke kinders? Ons noem hulle skinderbekke!

Wat is oordeel? Oordeel is om name te gee wat pas by verkeerde dinge wat mense doen: liegbek, vuilbek, sleg, stout, boelie, klikbek, skelm en skinderbek.

**4. <u>Vrees vir God is bang wees vir Sy oordeel</u>**

Vrees in hierdie teksvers is ’n baie spesiale manier om bang te wees vir God.

Dit is om bang te wees dat God jou ’n naam gaan gee wat pas by die verkeerde dinge wat jy doen. Dit is om bang te wees dat God jou ’n liegbek, skinderbek, klikbek, vuilbek, boelie, skelm, sleg of stout gaan noem.

Hoekom is ons so bang dat God ons so gaan noem?

Wat gaan jy weet en voel as God vir jou sê: Jy is ’n liegbek! Jy is ’n vuilbek! Jy is ’n skinderbek! Jy is ’n klikbek! Jy is ’n skelm! Jy is ’n boelie! Jy is sleg! Jy is stout!

Jy gaan weet jy behoort nie meer aan die Here nie en jy bly nie meer binne die Here se liefde nie.

Hierdie bang wees noem ons **vrees vir God**!

En ons is reg!

As God jou só noem, dan behoort jy nie meer aan die Here nie. Die Here kan mos nooit vir jou sê: “Jy is My liegbek-kind” nie. Kan God so oor Sy kinders praat? “Bertie is My vuilbek-kind”, “ Susaar is My skinderbek-kind”, Johan is My klikbek-kind”, Elize is My skelm kind”, “Hennie is My slegte kind”, Pieter is My boelie-kind” of “Karin is My stoute kind”? God kan nooit so met ons praat of oor ons praat as ons aan Hom behoort nie.

Wie van julle wil graag só aan die Here behoort?

Ek is God se liegbek-kind", "Ek is God se vuilbek-kind", "Ek is God se skinderbek-kind", "Ek is God se klikbek-kind", Ek is God se skelm kind", "Ek is God se slegte kind", "Ek is God se boelie-kind" of "Ek is God se stoute kind"?

**5. <u>God noem ons nooit sulke name nie</u>**

Waarvoor hoef ons nie te vrees nie?

Kom ons kyk weer na vers 17! *"Hiérin het die liefde sy doel volkome met ons bereik:* ***ons het niks te vrees vir die oordeelsdag nie****, want in hierdie wêreld lewe ons reeds deur die liefde net soos Jesus."*

Ons het niks te vrees vir God se oordeel nie. God sal ons nooit oordeel nie. Dit beteken dat God ons nooit name sal gee vir al die verkeerde dinge wat ons doen nie. Dit is wat dit beteken dat ons in God se liefde bly. Al doen ons ook verkeerde dinge, gee God ons nooit name, en noem Hy ons nooit op name wat pas by alles wat ons verkeerd doen nie.

**6. <u>God noem ons net – My kinders!</u>**

Wat noem God ons as ons al die verkeerde dinge doen wat kinders elke dag doen?

Kom ons kyk weer na verlede week se teksvers: *"Kyk watter groot liefde die Vader aan ons bewys het: Hy noem ons kinders van God, en ons is dit ook!"* (1 Johannes 3:1)

God se liefde vir ons is so groot, dat al jok jy vir jou pa, ma, maats of onderwysers, dan noem God jou nie Sy liegbek-kind nie. Hy noem jou net "My kind!" As jy skinder noem God jou nie Sy "skinderbek-kind" nie, Hy noem jou net "My kind"! Hy noem jou nooit Sy slegte kind, Sy stoute kind of Sy skelm kind nie.

God gee nooit vir ons name wat pas by al die verkeerde dinge wat ons doen nie. God noem ons net "My kinders." Dit is hoe lief God ons het. Al doen ons verkeerde dinge, is Hy vir ons te lief om vir ons name te gee wat pas by die verkeerde dinge wat ons doen.

Daarom vrees ons nie God nie. Hy sal ons nooit oordeel nie. Hy sal ons nooit name noem wat pas by ons verkeerde gedrag nie. Hy het ons te lief. Hy laat ons altyd binne Sy liefde bly – al doen ons elke dag dinge wat kan maak dat Hy ons slegte name kan gee.

Volgende keer gaan ons kyk hoe die Here dit reggekry het – dat Hy ons altyd net Sy kinders kan noem, al doen ons verkeerde dinge!

**<u>Opdrag</u>**

Gaan vra bietjie vir Pa of Ma of enige iemand anders hierdie raaisel: hoekom noem God ons nooit Sy liegbek-, klikbek-, vuilbek-, skinderbek-, slegte, stout of skelm kind nie – al jok ons, klik ons, skinder ons, en al is ons lui, stout of skelm?

Onthou die antwoord: ons behoort aan Hom en Hy het ons te lief om ons so te noem! God praat nie so met of oor Sy kinders nie. Hy noem ons net Sy kinders, sonder enige ander name.

Pappa of Mamma moet hier teken nadat jy die les vir hulle gewys het:

________________________________

Handtekening: ouer of voog